

1 September 2018

Geagte Ouers/Voogde

HANDBOEKE 2019 : GRAAD 8

Hoërskool Randburg se boekwinkel is nie 'n handeldrywende en winsgewende boekwinkel nie, maar bied graag 'n handboekdiens aan u. U mag egter by enige privaat-leweransier u aankope doen, indien u nie van hierdie diens gebruik wil maak nie.

Wat behels die diens

U word voorsien van 'n graad- en vakgebaseerde handboeklys sowel as verbruikbare voorraadlys wat die leerders in 2019 nodig gaan hê. Verbruikbare voorraad soos skrifte, papier, skryfbehoeftes, ens. word aangedui, maar word nie deur die boekwinkel verskaf nie en kan by enige privaat leweransier aangekoop word.

Hoe verloop die diens

1. Bestelling:

- Nadat u as ouer/voog die handboeklys ontvang het, voltooi u dit deur die pryse van die boeke wat u graag wil bestel, in die toepaslike blokkies te skryf. Kontroleer asseblief die bedrae noukeurig, veral die totale bedrag verskuldig.
- Boeke wat van die Gauteng Departement van Onderwys ontvang is, word aan leerders teen 'n huurfooi van R300 per jaar voorsien. Dié boeke bly die eiendom van die skool en word weer aan die einde van die jaar aan die skool terug besorg. Geen merke mag in die boeke gemaak word nie. Indien 'n GDO-bruikhuurboek verlore raak of beskadig is, sal die leerder die boek teen die vervangingskoste moet vervang. (Pryse is by die Boekwinkel beskikbaar.)
- Handboeke word slegs van die leweransiers bestel, nadat betaling daarvan ontvang is.

2. Betaling word op die volgende wyse hanteer.

- Kontant, krediet-, debietkaart of elektroniese betalings kan gemaak word. Hierdie betalings word deur die finansiëlekantoor behartig.
- Indien u verkies om 'n elektroniese betaling (EFT) te maak word u versoek om die bewys van betaling saam met die bestelvorm by die finansiëlekantoor in te handig. Gebruik asb. die volgende verwysing: BW, kind se naam en van en gr 8.
- **Bankbesonderhede:** Hoërskool Randburg, Absa Randburg (632005) en Rekeningnommer: 170680065
- U word vriendelik versoek om u bestelling en bewys van betaling (kwitansie of elektroniese betaling) teen 31 Oktober 2018 by die finansiëlekantoor in te handig om te verseker dat voorraad beskikbaar sal wees voor die skool in Desember 2018 sluit. **Boeklyste kan per faks of e-pos gestuur word, slegs indien u nie tans 'n leerder by Hoërskool Randburg het nie.**

3. Lewering van boeke

- Ons aanvaar nie die verantwoordelikheid vir laat aflewering of onvoorsiene gebeure by die leweransiers nie. Daarom moedig ons u aan om u bestelling betyds te plaas.
- U sal per SMS verwittig word, sodra u bestelling gereed is.
- Die boekwinkel is slegs tydens skoolure operasioneel (07:30-14:00 - Ma. tot Do. en 07:30-13:00 - Vry.) tot en met 12 Desember 2018 en sal weer op 7 Januarie 2019 open.

4. Koop / Verkoop van tweedehandse boeke

Ouers wat tweedehandse boeke wil aankoop, kan hul naam en kontakbesonderhede na mev. Marx by boekwinkel@hsrandburg.co.za epos. Indien boeke beskikbaar raak, sal ons u in kennis stel, sodat u met die ouer kontak kan maak. Hoërskool Randburg neem geen verantwoordelikheid vir hierdie transaksies nie.

5. Afrolpapier

Hoërskool Randburg versoek asseblief een (1) riem fotostaatpapier van elke leerder vir die nuwe jaar. Help asseblief!

Dankie vir u begrip en samewerking. Deur van hierdie diens gebruik te maak word groot besparings te weeg gebring.

Help ons om u te help met hierdie diens.

Groete.

P Booyesen : Hoof

Tel: (011) 782 6226

Faks: 0866 517 902

prosedure vir die bestelling van handboeke vir 2019 (graad 8)